

# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 9:00**

## Glo jy?

**Skriflesing:** Joh 1:1-12  
Joh 20:26-31

**Teksvers:** Joh 1:1 en  
20:30,31

**Sing:**

Ps 149:1,2  
Ps 119:39  
Sb 16-1:1-3  
Ps 33:1  
Sb 4-8:1,2  
Ps 119:51,62  
Sb 13-3

**Orrelis:** Corlea vd Walt  
**Projektor:** Carina vd Dussen  
**Klank:** Andre Beumer  
**Prediker:** Ds Maarten van Helden

Die evangelis/apostel Johannes skryf aan ons sý weergawe van die Evangelie naas dié van die Sinoptiese Evangelies (Mat, Mar, Luk) om sy lesers te oortuig dat Jesus van Nasaret werklik die Messias is wat so lank verwag is. Hy wil ons en al sy lesers oortuig dat geloof in hierdie Jesus die verskil maak tussen ewige lewe en ewige dood. Sy aanpak is dus nie om 'n chronologiese weergawe van die verhaal van Jesus te gee nie. Van die 35 opgetekende wonders word net na die 8 verwys en daar is geen gelykenisse in Johannes se skrywe nie.

Dus skryf hy op 'n heel unieke wyse aangaande Christus. Om sy leser te prikkel noem hy Jesus aanvanklik 'Die Woord' (Logos). Ons woordjie "logika" stam daarvan af.

My konklusie is dus dat Johannes wil skryf: Dit is absoluut logies dat as jy die ewige lewe begeer, dan moet jy glo dat Jesus werklik die Christus, jou Verlosser is. Daarsonder is jou geloof tevergeefs.

**SONDAGAAND 18:00**

## Net die beste (goud) is vir God goed

**Skriflesing:** 1 Kon 6:1,2;  
11-38

**Teksvers:** 1 Kon 6:12,13;  
1 Kon 8:12,13

**Sing:**

Ps 107-1:1  
Lied 169:1,2,3  
Ps 68-1:2  
Sb 13-3

**Orrelis:** Corlea vd Walt  
**Projektor:** Pieter vd Dussen  
**Klank:** Charl vd Bergh  
**Prediker:** Ds Gerrit Kruger

Alles op aarde behoort aan God. Jesus Christus is egter so nederig dat Hy 'n donkie-vul gebruik om Jerusalem binne te ry. Tog is net die beste goed genoeg vir God. Goud is baie duur en getuig van net die beste. Daarom bou Salomo 'n tempel wat vol goud was.

Gee jy die beste van jouself en alles wat jy is en het vir God?  
Is jou lewe toegewy aan God? Ons gaan na drie sake kyk:

- 1 God woon by Israel in 'n tempel van baie goud. (1 Kon 6:20-37)
- 2 God woon by gelowiges in hulle harte wie se geloof kosbaarder is as goud. (1 Petr 1:7)
- 3 God woon in die hemel met goue strate. (Open 21:21,22)

# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

Jaargang 43 Nr 26 2 September 2018

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



## Die aanloop tot Dordrecht (1618)

Die Dordtse Leerreëls is die geformuleerde reaksie van die Sinode van Dordrecht op die remonstransie (protes of teenbetooing) van 'n groep predikante wat later as die Remonstrante bekend geword het. Die Sinode, wat in dié stad in Nederland plaasgevind het, word op 13 Nov geopen en sluit af op 29 Mei 1619.

Die aanloop tot die Sinode word ietwat vroeër gevind in die dispuut wat tussen twee professore ontstaan aan die teologiese fakulteit van Leiden en hul volgelinge, naamlik Jacobus Arminius (1560-1609) en Franciscus Gomarus (1563-1641). Die dispuut tussen hulle ontstaan oor die uitverkiesing wat vir Arminius daarop neerkom dat God van ewigheid besluit het om sommige in Christus vir wie Hy geloof skenk, te regverdig, tot kinders aan te neem en aan hulle die ewige lewe te skenk. Eweneens is die verwerping van ander 'n besluit van die toorn of van die streng wil van God waardeur van ewigheid besluit is dat hulle nie sal glo nie en buite die gemeenskap met Christus gestel is, verdoem tot die ewige dood. Eenvoudiger gesproke het dit ook gegaan oor die vraag of gelowiges 'n bydrae tot saligheid kan lewer al dan nie.

Die aanvanklike meningsverskil tussen Arminius en Gomarus en hul volgelinge verbreed en loop uit op twee strydende partye wat bekend sou staan as die party wat Arminius gesteun het, naamlik die Remonstrante, teenoor die Contra-Remonstrante wat uit die aard van die saak Gomarus se standpunt verder gevoer het. Behalwe die twee kerklike partye wat teenoor mekaar te staan gekom het, raak die owerheid ook betrokke – wat in dié tyd as normaal beskou is.

Die aard en omvang van die verskille tussen Arminius en Gomarus kom aan die lig in die disputasies of openbare lesings wat respektiewelik op 7 Feb en 31 Okt 1604 plaasvind. Die spanning verhoog sodat dit uiteindelik vir die kerkraad van Leiden en die kuratorium duidelik word dat daar inderdaad diepliggende verskille tussen die twee professore was. Arminius wend hom tot die *Staten* van Holland en Wes-Friesland (die owerheid van twee Nederlandse provinsies), en op 30 Mei 1608 verskyn Arminius en Gomarus saam met vier predikante op las van die *Staten* voor die sogenaamde *Hoge Raad*. Die samekoms lewer nie die gewenste resultaat nie, selfs as onder leiding van Johan van Oldenbarnevelt (1547-1619) (raadspensionaris of landsadvokaat) op 12 Aug 1609 verdere gesprek gevoer word oor regverdiging, predestinasie en hersiening van die belydenis. Die spanning neem toe en versprei verder in die kerk. Nog voor die vergadering formeel beëindig is, moes Arminius hom weens siekte onttrek; hy sterf op 19 Okt 1609. Tydens die Sinode van Dordrecht 1618 word egter beslis dat Arminius se dwaalleer nie aanvaar word nie en die Dordtse Leerreëls word as antwoord opgestel.

Ds Maarten

## ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00  
Engelse Diens: 11:00  
Sothodiens: 12:30  
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Basdenlaan 226

Faks: 012 664 0004

Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander:  
admin@gkcenturion.co.za



**DIENSBEURTE:** Ouderlinge: Jan Nel

Alethea : Koos Pretorius

Diaken: Marthinus Krynauw

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

**KOMMUNIKATIE ELEKTRONIES:** www.gkcenturion.co.za

**LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad (gkcenturion.co.za)

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON:** TOEP: **Kerkdienst Gemist**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

**KATKISASIE:** Vandag: Les 19; Ps 48:1

Volgende week: Les 20; Ps 48:1

**KLEUTERKATKISASIE (2-5jr):** Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

### **Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 340 409

### **Inbetalings vir die Diakonie:**

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 280 589

### **Inbetalings vir die Susters:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters  
Bank: ABSA Lyttelton  
Rek no: 600 340 417

# Kuier onder die Sterre

(Olyfbosskerm — koinonia)

Saterdag, **8 September 2018** vanaf **17:00**

Bring eie eetgerei en drinkgoed.

Kontant koffie-kroeg beskikbaar.

Koop u kaartjies onder die olyfboom.

R80 volwassenes; R50 graad 8 -12; R20 jonger

PW Groenewald 082 899 0342



## Frankfort Riviertoer 2018

Die jaar se Riviertoer inligting is as volg:

• Datums: **Sondag : 2 Desember 2018 tot Donderdag : 6 Desember 2018**

• Kampkoste: **R800 per kind**

• **Inskrywingsvorme** is reeds beskikbaar (sien skakel) <https://www.dropbox.com/s/14pvj6u5v8u0yjl/2018%20-%20Inskrywingsvorm.pdf?dl=0>

• Getalbeperking: 150x kinders  
Alle ouers en kinders is welkom om die Riviertoer saam met ons in te lei met 'n **gesamentlike erediens om 9:30** die Sondagoggend in die GK Frankfort.

Kontak gerus **Sanette (073 027 9181)** met enige navrae!

**Eljada Huis** se onmiddellike behoefte is suiker, koffie, pasta en "box" melk. Die ander behoeftes is nie-bederfbare blikkies of pakkies, tee, ontbytppap, broodsmere, en toiletware. Enige produkte wat in 'n huis gebruik word behalwe luukshede (vir ons bederfies) is welkom. Ook daardie klein komplimentêre sepies, sjampoe en ander toiletware wat so lastig in jou huis rondlê kan baie goed aangewend word by Eljada.

Enige finansiële skenkings kan in die Diakonie se rekening inbetaal word. Merk asb duidelik dat dit vir Eljada bedoel is.

Baie dankie vir elke skenking, hoe gering ookal. U maak 'n verskil.

Petra Swanepoel 0829277324

**Centurion Florist** skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) [centurionflorist@discoverymail.co.za](mailto:centurionflorist@discoverymail.co.za).

**Pilates klasse** in Zwartkop—Liggaams-houding evaluering elke 6 mde. Sien hoe jou postuur verbeter. Billike pryse. Kontak Elmé 0609948023 of whatsapp.

**Huis te huur** Lyttelton/Centurion R10 500 pm (helfte van stadsraad rekening en elek uitgesluit). 3 Sk, 2 bk, TV kamer, eetkamer met ingeboude braai. Nuwe kombuis, studeerkamer, 2mh, volstoep, alarmstelsel. Ben vd Walt 082 854 3719 /benv@tfm.co.za.

**Tuinwoning Lyttelton Manor te huur** R5000pm—Studio-slaap/sitkamer, bk, stoorkamer/studeerkamer, kombuis/opwas, mh. Enkelopende persoon. W&L ingeluit. H Sweers 0832836456/T Kruger 0834507460.

**Tuinwoning Lyttelton te huur** R7 000. 2 Sk, m/h. W&I ingesluit. Ds Maarten 0721431855



## VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

### BELYDENDE LIDMATE

02-Sep	Hugo	Herselman	B18	082 321 8005
	Eben	le Roux	C04	664 5222
	Danie	Rheeders	B06	082 256 6028
	Corne	Smuts	A14	082 889 9691
	Martin	Venter	B02	654 0352
04-Sep	Paul	Grobler	C07	663-4594
	Hannes	Holtzhausen	C05	083 412 8969
05-Sep	Rassie	Erasmus	B19	072 590 9188
	Rosanne	Groenewald	A03	082 819 5947
	Dalene	Maritz	C04	082 298 5428
	Lizel	Smith	B10	082 856 3704
06-Sep	Lydia	v Rooyen	B10	082 453 8446
	Basil	Appleby	A09	654 1833
07-Sep	Erich	Coetzee	C07	072 621 8637
	Bets	Froneman	E01	654 6582
	Buks	Kotze	C03	664 2945
08-Sep	Erika	vd Wateren	C07	663 7638
	Wilmarie	Rheeders	B06	082 256 6028



### DOOPLIDMATE

02-Sep	Gretha	Grimsehl	C09	072 259 5552
03-Sep	Luane	Speelman	E01	071 825 7414
	Mikko	vd Walt	C15	084 904 5502
	Troy	v Staden	A15	654 1851
04-Sep	Lisa	van Biljon	E01	072 995 4488
05-Sep	William	Gourley	A15	654 6582
06-Sep	Francois	Jacobs	B14	083 356 7597

**Algemene herstelwerk** aan huise en geboue, ook **veiligheidshekke** en diewering. Kontak Hennie vd Walt by 0829274326 of [hj2vdwalt@gmail.com](mailto:hj2vdwalt@gmail.com).

Betroubare, hardwerkende **huishulp** soek werk vir Vrydae. Rita 083 968 2299.

**Tuinwoning** te huur, 1 Okt, Irene vir enkel persoon, nie-roker, geen troeteldiere. R3500pm plus W&E. Veilige onderdak parking en alarmstelsel. Elize vd Berg 0829245178.

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

#### 2 September

A01 Elize van den Berg  
 A02 Esther Hoffman  
 A03 Magda van der Schyff



#### 9 September

A04 Lourette Snyman  
 A05 Magda Pelser  
 C04 Leandre Struwig

### GK Rooihuiskraal met Voices Div!ne

27 Okt 2018 te Leriba Lodge. **Kaartjies:** R150  
Volwassenes/R50 skoliere. Daleen 082 373 1803  
of [kerkkantoor@grhk.org.za](mailto:kerkkantoor@grhk.org.za)

### GK Rietvallei: Koop, Kuier en Konsert

15 Sept 2018. Stalletjies begin 14:00; Talent veiling 15:00; Rietvallei's Got Talent om 18:00

### Senior Aksie

Maandag, 3 September 2018 van 10:00 af gaan almal saamwerk om die verversings vir die dag, pannekoek en kolwyntjies, voor te berei.



Die mans gaan die pannekoek bak. Elkeen moet eie pan, voorskoot en spaan saambring, terwyl die dames versierbuisie, versieringsuikermengsel en versiersels moet bring.



Daar sal geheime pryse vir beide die mans en die dames wees.

Kom geniet 'n heerlike kuier-oggend saam.

## Ons gee om vir Mekaar

"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- Dineke de Jonge het 'n heupvervangingsoperasie ondergaan te Wilgers hospitaal (B12—807 2466).
- Johan Kruger sterk aan na 'n skoueroperasie in Groenkloof hospitaal (B12—082 461 7405).
- Retief Snyman sterk aan in Unitas hospitaal na sy beroerte (A4—347 0401).
- Van van Wyk sterk in Unitas hospitaal aan met longontsteking (A13—073 124 2327).
- Rita Smit sterk aan in Kloof hospitaal (C3—083 775 5845).
- Marie Kruger sterk aan in Meulmed hospitaal (A14—823037052).
- Meelewing word betuig met Ben en Max Vorster na die afsterwe van hul seun Johan.

**Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra**

## Geluk

Allen en Esna met die doop van Leah Ann Kenworthy vanoggend.



## Bybelskool van Centurion 2018

Die Algemene Sinode van Dordrecht

### DIE DORDTSE LEERREËLS

Die sinode van Dordrecht het in 1618-1619 vergader om die vyf hoof leerdwalings van die Remonstrante vanuit die Skrif te ondersoek en te weerlê, so het ons derde besondere belydenis skrif ontstaan.

**Elke Dinsdagaand 19:00 – 20:30**

te GK Centurion Kerkzaal

**Koste R100 per persoon**

Aanbieder: **Ds. Gerrit Kruger**

**Almal welkom**

### KOLLEKTES

**Vandag** tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Transoranje



*Kollektes sal nog steeds in banke/deure opgeneem word vir diegene wat nie Zapper gebruik nie*



**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Teol studentekas

**Plaas asb u bydraekoevertjies in die kluis agter in die konsistorie**